



**VIR DIEGENE
GEWOOND AAN
DIE BESTE
Forrer
SE WYNE**

Die



**VIR U VRIENDE
VIR U GASTE
EN VIR U
Forrer
SE WYNE**



VIERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 28 FEBRUARIE 1945

No. 14

WAAR ONS KOS HEENGAAN Geweldige Voorrade Weggegee In Tyd van Hongersnood

Statistieke wat deur die Minister van Landbou verstrek is, openbaar dat Geallieerde skepe verantwoordelik was vir die uitvoer van meer as 22,000,000 pond vleis uit ons land in 1943. Behalwe dit is nog byna 3,000,000 pond vleis na die buiteland uitgevoer. Om op te maak daarvoor is meer as 7,000,000 pond vleis weer ingevoer!

Verlede jaar, nadat die groot vleishonger reeds ingetree het, is byna 7,000,000 pond vleis aan skepe gelever en 'n half miljoen pond uitgevoer. Behalwe dit is nog 4,170 ton blikkiesvleis uitgevoer en 3,786 ton blikkiesvleis ingevoer.

In 1943 is deur skepe 20,500,000 pond aartappels die land uitgeneem terwyl 32,000,000 pond na ander lande uitgevoer is. Om daarvoor op te maak moes 623 ton aartappels van elders ingevoer word!

Verlede jaar, toe daar 'n groot aartappeltekort in die land geheers het, is meer as 6 miljoen pond aartappels aan skepe gelever en meer as 2 miljoen pond uitgevoer! Die Minister kon nie sê hoeveel ton toe weer ingevoer moes word nie, maar dit is bekend dat verskeie skeepsvrage afgelaai is.

In 1943 is daar net soveel bettere deur skepe uit ons land weggevoer as wat daar weer van elders ingevoer moes word, naamlik 1,700,000 pond! Verder is nog meer as 2,000,000 pond bettere uitgevoer na ander lande.

Verlede jaar is nog meer as 2,000,000 pond bettere uitgevoer en aan skepe gelever. Vir die grootste deel van die jaar kon geen bettere op die mark verkry word nie, en was dit net bevoorregte klandisie van handelaars wat af en toe iets kon kry.

Hierdie syfers sluit nie in die voorrade wat vir die militêre benodighede van die Verdedigingsmag uitgevoer is nie, en volgens genl. Smuts is hierdie voorrade ook nog nie uitsluitend vir Suid-Afrikaanse troepe afgesonder nie. Dit word gelykop gedeel met ander Britse troepe. „Die kwartiermeester in die Noorde voorsien almal; ons gooi ons voorrade in die poel,” het genl. Smuts verklaar.

Om hierdie uitvoer te kon handhaaf, het die land selfs sy aantelwee geslag, na die Minister 'n tyd gelede verklaar het.

Vroue Hou Puik Laer In O.V.S.

Een van die mooiste vrouelaers was saamgetrek onder genl. Meyer, Hooftvrou van Gebied C, aan die oewer van die Wilgerivier by Kroonstad, waar meer as 120 vroueoffisiere 'n laerkursus gevolg het met uitstekende resultate. Die tentelaer onder die groen wilgers met die netjies op parade opgestelde offisiere in witrokke het 'n verruklike mooi toneel gelever. Die eerste hulpafdeling het onder dr. Rousseau van Bethlehem gestaan, terwyl die verskillende werksaamhede onder verskillende offisiere verdeel was.

Lesings is gehou o.a. deur prof. Cronjé van Pretoria, dr. Piet Meyer en die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg. As sprekers het o.a. ook opgetree die Organisasieleier, genl. J. A. Smith, en Arbeidsleier genl. C. L. de Jager. Hierdie offisiere was die gaste in die laer.

By die sluiting — so goed was die laer en hulp georganiseer — kon heelwat kos en eetware na 'n weeshuis versend word en £85 as oorskot vir die Noodhulpfonds gaan. Die laer, so het die Organisasieleier opgemerk, strek nie alleen die O.B. nie maar die Afrikanervolk tot eer. —(Korr.).

WIL PARTYE SAAMWERK TEEN OSSEWABRANDWAG?

Vir langer as 'n maand pleit Die O.B. al vir nouer samewerking en begrawing van die geskille tussen Afrikanergroepe ten einde 'n eenheidsfront teen die dreigende gevare te skep. Die enigste amptelike reaksie van die kant van die H.N.P. tot dusver is dié van dr. Karl Bremer, voorsitter van die party, in die parlement verlede week. Hy soek toenadering met die Verenigde Party, maar blykbaar nie met die O.B. nie, want hy verwyt die mede-party dat hy nog die O.B. „beskerm”. Woordeliks lui dit as volg in Die Burger van 23 Februarie:

„Ons weet goed hoe lede aan daardie kant aanskakel met die O.B., wat beskerm word nie alleen deur lede van die Verenigde Party nie, maar ook deur lede van die kabinet. Ons het 'n stadium bereik waarop ons ons behoort te skaam dat ons nog stry oor geskille in die verlede TUSSEN DIE PARTYE en oor dinge wat in die verlede gebeur het”. Hierdie „geskille” wys heen op die verwyte van die Verenigde Party-lede in die parlement 'n paar minute tevore dat die H.N.P. voorheen opgetree het as beskermheer van die O.B., waarop mnr. F. C. Erasmus, sekretaris van die party, verskoning gesoek het met die vraag: „Is dit nou nog dieselfde O.B. as die destydse O.B.?”

Dr. Bremer het voorts die grondslag van hierdie „samewerking” tussen die partye aangestip en gepleit vir behoud van die demokrasie. Hy het o.m. gesê: „Dis onwaar dat ek ooit

gesê het dat die demokrasie dood is”. Die Burger het hierdie toespraak onder banier-opskrif geplaas met die woorde: DEMOKRASIE SE TAAR IN S.A.”

Die CAPE TIMES het in verband met hierdie toespraak opgemerk dat die H.N.P.-leiers nou dieselfde weegredes vir samewerking aanvoer as wat geleidelik tot die koalisie van 1933.

O.B.-STRAATKOLLEKTE

By wyse van 'n straatkollekte onder leiding van komdte. J. D. Geldenhuys, het die O.B.-vroue van Parow, Kaapstad, voorverlede Saterdag £30 vir die Noodhulpfonds ingesamel.

SAL DUITSERS LAAT VERHONGER

Die Amerikaanse offisier belas met burgerlike aangeleenthede in Europa het onlangs verklaar dat die Duitse volk geen hulp van die Geallieerdes sal ontvang tydens die besetting nie. „In Italië het hy gesê, het ons simpatieke belangstelling vir die plaaslike inwoners gehad, maar ons het geen sodanige belangstelling vir die Duitse volk nie. As hul rantsoene te min word, dan is dit tot daarnatoe. Geen rantsoene sal Duitsland binnegaan totdat die voedselreserwes daar so laag is dat die hongerlydendes 'n bedreiging geword het nie”.

Helfte van Leuen Verslaan

'n Afvaardiging Poolse Jode het onlangs die volgende verklaring aan die Poolse konsul-generaal in Palestina gedoen:

„Die Joodse burgers van Pole wat daarin geslaag het om te ontsnap en wat Palestina in 1944 bereik het, het gehoor dat gerugte dwarsdeur die wêreld versprei word dat die Poolse ondergrondse leër en die Poolse tuisleër die Duitsers gehelp het met hul beleid van uitwissing van die Joodse volk in Pole. Die ondertekenaars van hierdie besluit was ooggetuies van die gebeurtenisse in Pole die afgelope vyf jaar, en hulle wil graag beklemtoon dat al die bewerings skaamteloos versinsels is, aangesien die Jode nooit kwaad aangedoen is deur of die Poolse ondergrondse leër of die Poolse tuisleër nie.”

Na die oorlog sal die res van die leuen uit dieselfde bron, naamlik dat „die Joodse volk uitgewis is in Pole” seker openbaar gemaak word. Intussen is dit mos nog goeie propaganda teen die Duitsers!

GENERAAL BESIËL KOMMANDO

Genl. I. M. Prinsloo (E6) het onlangs 'n besoek aan die Hendrina-kommando gebring en twee vergaderings gehou. Hy is baie geesdriftig deur die Brandwagte ontvang en 'n aantal offisiere is ingelyf. Die Generaal het 'n beroep op die lede gedoen om die organisasie op te knap en harder te werk as ooit tevore. Na die besielende toesprake is die Brandwagte vol moed terug om hulle reg te ruk vir Vryheidsdag.

Generaal Prinsloo, wat gedurende sy ampstyd as hoofkommandant 'n slagoffer van die partybewind was, was in die tronk en vir twee jaar in die interneringskamp omdat hy sy mede-Afrikaner nie wou verrai nie. —(Ingestuur).

NEEM DEEL AAN DIE VERDERE UITBOUING VAN U EIE BANK

SKRYF IN OP

VOLKSKAS-AANDELE

VRA OM 'N PROSPEKTUS

VOLKSKAS BEPERK

DIE VOLK SE BANK

HOOFKANTOOR:

VOLKSKASGEBOU,
SENTRAALSTRAAT,
PRETORIA.

**DEFTIGE
SOMERSHOEDE**
in groot verskeidenheid
by

Steyns

Parow as Moderne
DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

**MARKAGENTSAP
VROË MOËRE-MARK
KAAPSTAD**

**BETALING GESKIED ONMIDDEL-
LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS
OF SOOS VERLANG.**

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

SPRINGBOK MEUBELS

**Die HUIS en KANTOOR
MEUBELEERDERS**

Ons bied aan Meubels van Kwaliteit
teen billike pryse.

BESOEK ONS OF SKRYF OM
BESONDERHEDE.

**Victoriaweg 171
WOODSTOCK.**

Takbesigheid:

Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat,
PAARL.
Foon 929.

DIE BRANDENDE VRAAGSTUK?

Wie het nie in hierdie abnormale tyd rond en bont gesoek vir iets wat hy broodnodig het, en as hy in sy soektog slaag nie daarvoor deur sy nek betaal nie?

Indien u geld, tyd en moeite wil bespaar, tree dadelik in verbinding met SUID-AFRIKAANSE KOPERS EENHEID (EDMS.) BEPERK, in kort SAKE, is gestig om al u belange te behartig, en u teen uitbuiting en winsbejag te beskerm. SAKE is die kortste en gerieflikste pad na die Sakewêreld, en help om al u sake op mees ekonomiese wyse in orde te bring.

SAKE is geen handelsfirma in die gewone sin van die woord nie, maar sy bedryfskoste soos in die geval van 'n Motorklub word deur subskripsiefoole gedek. SAKE is instaat om behalwe MOTORKLUB BEDIENING ook tallose ander dienste van alomvattende aard te lewer.

AANKOOPSAFDELING: Harde en sagteware, landboubenodighede, masjienerie, boumateriaal, verpakkingsmateriaal, elektriese-toestelle, motor-onderdele en toebehore ens., van SAKE se amptelike Aanbevole Besighede of desnoods regstreeks van die Groothandel of Fabriek waar moontlik.

VERKOOPSAFDELING: Huise, plase, grond, algemeen en plaasprodukte. SAKE is in regstreekse verbinding met die grootste Kopers.

INLICHTINGSBURO: Betroubare inligting en waardevolle advies insake finansiële aangeleenthede, maatskappye, besighede, markte, aandele, vakansie- en gesondheidsorde, assuransië (lewe-, motor-, brand-, ongevalle en begrafnis versekering) ens.

MOTORKLUB: Intekenaars wat motors besit, word outomaties lede van SAKE se Motorklub, sonder ekstra betaling.

Ontvang die geveulde sleutel tot georganiseerde koopkrag, uiters doelmatige dienste, en ongeëwenaarde voorregte deur by SAKE in te skakel.

INSKRYWINGSFOOIE: Intreegeld en Registrasie f1; Subskripsie vir 12 maande vooruit betaalbaar f1; Sake se amptelike Motorkenteken 10/6. Na die eerste jaar betaal u slegs f1 subskripsie per jaar, gelyk aan 'n geringe bedrag van 1/8 per maand.

Vedere besonderhede en aansoekvorms op aanvraag.

Telegramme: SAKE.
Telefoon: 33-9629.
Posbus: 870.



Direkteure: J. H. Redelinghuys, D. J. Robertse en J. Möller.

Bestuur: SAKE is onder Bestuur van J. H. Redelinghuys, Stigter en voormalige Hoofbestuurder, V.M.K.

Bankiers: Volkskas Beperk.

(Adv.)

Kruithoring Wat Rook Denkbeeldighede vir Feite Opgedis

„Daar is 'n gerug in die omloop dat MET DIE JONGSTE SITTING VAN DIE O.B. SE GROOTRAAD IN KAAPSTAD VERLEDE VRYDAG 'n voorstel ingedien is deur een van hul leiers dat die O.B. moet ontbind en homself by die H.N.P. aansluit.”

Hierdie wonderlike stukkie nuus verskyn in Die Kruithoring van 14 Februarie 1945, die amptelike striedblad van dr. Malan, en is nog 'n bewys van die wilde sotheid wat deur hierdie blaadjie aan Afrikaners gereeld opgedis word.

Op 9 Februarie, die datum waarop die Grootraad die gewichtige besluit sou oorweeg het, was daar in Kaapstad, behalwe die twee lede wat permanent daar woon, net een lid van die Grootraad en wel in verband met private besigheid.

Die Grootraad bestaan uit dertig lede en die ander sewe-en-twintig was versprei oor Transvaal, Vrystaat, Natal, en Kaapland. Nogtans waag Die Kruithoring om melding te maak van 'n sitting van die Grootraad op 'n bepaalde datum en plek!

'n Mens wonder hoeveel persent seker die redakteur hierdie keer van sy berig was? — 'n tyd gelede het hy ook 'n wilde berig die lig laat sien en op uitdaging van 'n amptenaar van die O.B.-hoofkwartier om die bron van sy inligting te noem, het hy geantwoord dat as die O.B. hom in die openbaar uitdaag, hy „vir negentig persent seker is” dat hy die bron sal kan noem. Die uitdaging het verskyn, maar Die Kruithoring het tot nog toe nie kans gesien om die „negentig persent”-seker inligting te verstrek nie. In plek daarvan verskyn 'n berig wat op sy hoogste moes berus het op TIEN persent sekerheid — d.w.s. as die verskyning van een Grootraadslid in die stad waar twee ander woonagtig is, as tien persent sekerheid vir 'n vergadering aangesien kan word.

As opskrif bo hierdie leuen plaas die blaadjie die spreekwoord „GEEN ROKIE SONDER VUURTJIE!” 'n

„Strydlustige” Kruithoring maak blykbaar heelwat rook van sy eie. In daardie geval sal hy nuttiger wees vir bye-boerdery as vir nuusverspreiding.

VIR DIE BOEREJEUG 'N KOMMANDO DUISEND

Die Jeugleier, genl. D. J. van Rooy, skryf as volg aan die Boerejeug:

„So pas het ek my halfjaarlikse rapport aan die A.K.G. opgestel. Daarby het ek, soos vanself spreek, van die rapporte van die Jeughoofkommandante aan my gebruik gemaak. Sonder daardie rapporte kon ek onmoontlik op hoogte van die toestand wees en sou my rapport aan die A.K.G. ook waardeloos wees. Elke Jeughoofkommandant is op sy beurt volslae afhanklik van die rapporte van sy kommandante en kommandantes. En so is elke kommandant of kommandante weer afhanklik van die rapporte van die Veldkornette of Veldkornettes. Daarom moet elke offisier ook in hierdie opsig getrou sy plig doen anders ly ons Beweging skade. Sonder volledige rapporte kry ons 'n skewe voorstelling van sake. En dis tog so maklik en eenvoudig om die voorgeskrewe rapporte in te vul.

Oor my rapport wil ek op hierdie stadium niks sê, eers moet die A.K.G. dit sien en beoordeel. Net dit, ons Boerejeug gaan langsaam maar seker vooruit. Moelikehede is daar baie maar onoorkomelik is hulle nie. Ter bemoediging van die weiniges wat twyfel haal ek aan uit die rapport van 'n sekere Jeugkommandant wat onder my aandag gekom het. Naam en afdeling verswyg ek omdat dit nie vir publikasie bedoel was nie.

„Volgens my rapport aan u (sy Jeugkommandant) in April 1944 was die ledetal van die Jeugseuns van hierdie kommando volgens skatting 276 seuns. Volgens die jongste rapporte is die getal seuns 429. 'n Toename van 153 in 7 maande.

„Met die 8ste Aug. (O.B.-dag) is die bedrag van £38-19-2 deur hierdie kommandantskap ingesamel deur verkopings op die funksie. Aan Noodhulpgelde is gedurende die afgelope jaar £85-13-3 ingesamel. Hierby moet nog gevoeg word die bedrae deur die dogters-veldkornettes opgestuur in die loop van die maande wat die totaal op plus minus £100 sal bring.

„Gedurende die afgelope jaar is 4 dienslaers gehou, asook een dogters-offisiere-opleidingskamp. Al hierdie laers is goed bygewoon en het goeie resultate gelever.

„Vyf geslaagde optogte is gehou wat elk goeie vertonings gegee het.

„Twee orkeste is gedurende die afgelope jaar aangeskaf en is nou in volle sterkte opgelei. Die bedrag hiervoor uitgegee is nagenoeg £110.

Die Jeugkommandantskap het te R. sy eie saal wat maandeliks £4 rente kos maar wat ook 'n groot aanwinst vir die kommandantskap is. Die Jeugkommandantskap het sy eie groot kommandantskapsvlag en ander veldkornetskapsvlag. Hy het sy eie jeugterreine.

„Die Jeugkommandantskap het vir die afgelope jaar nagenoeg £310 gehanteer. Hierdie bedrag sluit geen pennie in van enigeen van die Veldkornetskapskaste wat heeltemal apart gehou word nie.”

Aan hierdie kommandant met sy hele kommandantskap, die eresalut van die ganse Boerejeug! Ons gaan hulle voorbeeld probeer navolg.

(Vervolg van volgende kol.)

Suid-Afrika sy vryheid te gee, as volg geantwoord:

„In die Unie is daar 'n sender wat al die jare na Duitsland uitgesaai het. DIE REGERING HET SY KODE GEKEN, GEWEET WAAR HY IS EN WIE UITSEND, maar hy het nie ingegryp nie omdat hy Zeesen as bondgenoot teen die H.N.P. wou gebruik.”

Ogies in die Nuus.

VERBAAS

Die Burger se parlementêre verslaggewer was onlangs heel verbaas omdat die Minister van Arbeid die kwessie van erfopvolging van 'n sekere natuurlike-stammetjie met al sy ingewikkeldhede — waarby glo selfs potentate soos Catherina die Grote en Lodewyk Veertien ook ingesleep is — aan die parlement vir beslegting voorgelê het.

Dit het ons niks meer verbaas as die feit dat daar elke dag ingewikkelde sake van ekonomiese, staatkundige en maatskaplike belang aan hierdie versameling lekker kereels in die praathuis voorgelê word nie. Vir negentig persent van hulle is die sake so bo hul vuurmaakplek dat hulle net stuitlike grappe daaroor kan maak.

REPUBLIEK 'N BOEDELSTUK?

Toe met dr. Malan in die parlement die spot gedryf is omdat hy hom eers op Duitsland vir 'n republiek beroep het en daarna weer demokraties geword het, het hy in selfverweer onderstaande betekenisvolle verklaring gedoen, luidens Die Burger van 22 Februarie:

„Spr. se standpunt was: Suid-Afrika is vir my meer werd as Engeland en as die Britse Ryk. En AS die oorlog so sou verloop het dat Engeland oorwin word, DAN is daar vir my net een standpunt, en dit is dat Suid-Afrika moet probeer los kom van die Britse Ryk, en in Suid-Afrika moes red wat te red is.”

Volgens hierdie resep mag ons die Republiek net op die boedelvendusie van Engeland koop!

SKEEPSRUIMTE

In Kaapstad het verlede week 'n skeepsrag whisky aangekom. In die Engelse pers is verduidelik dat die voorraad behoorlik en regverdig uitgedeel sal word.

In Johannesburg het die Kamer van Koophandel gekla dat die regering weier om invoerpermitte toe te staan vir belangrike benodighede waarvoor daar wel skeepsruimte en voorrade beskikbaar gestel word deur Engeland en Amerika. Een van hierdie soorte voorrade is kleinere masjiengereedskap.

VOEDSEL-TEKORT

Uit Frankryk word berig dat die inwoners van Parys sedert hul „bevryding” 30,000 katte geëet het om aan die lewe te bly. Die voedselte kort het 'n gereelde jag op katte in die hoofstad veroorsaak en daar word f1-10-0 vir 'n kat betaal. Daar is distrikte waar geen kat meer te kry is nie.

Ons regering het permitte toegestaan vir die invoer van 37 windhonde uit die buiteland. Hulle sal glo darem nog eers in Johannesburg gaan reises hardloop.

EWE NUTTIG

Liewer as om die melk teen 'n verminderde prys aan die publiek te verkoop, het die groothandelaars van Bombaai onlangs al hul melk in die rioolpype van die stad gegooi, het 'n berig afkomstig daarvan dan gelui. Vir die kapitalis is die rioolpyp net so nuttig as die leë maag van 'n mens as dit tot sy rykdomme kan byvoeg.

LEE HUISE

Voor die vereniging van boumeesters in Johannesburg is onlangs bevestig dat daar net in een gebied 18 huise getel is wat vir tydperke van drie tot ses maande al leeg staan. Die eienaars wag om 'n hoër prys te ontvang.

Dit is die kapitalis se eenvoudige oplossing vir die vraagstuk van oorvolhuise — hou hulle leeg!

„INGELIGTE KRINGE”

Tydens die debat verlede week in die parlement het dr. Malan op 'n vraag van 'n Sap waar Zeesen aan die nuus gekom het dat dr. Malan 'n beroep op Duitsland gedoen het om (Vervolg in voorgaande kol.)

Partystelsel Word In 1906 Ingevoer

„SAL NIE HEILSAAM WEES VIR TRANSVAAL" SÊ LONDEN

II.

Lord Milner, die beskermmer van die Britse belange in die Transvaal, het egter besluit dat die Engelse bevolking vermeerder moes word voordat selfbestuur toegeken kon word. Aan 'n vriend skryf hy: „Ons moet eers die Britse bevolking vermeerder.... Ons kan nie bekostig om die proefneming van selfbestuur in die Vrystaat en Transvaal te waag in omstandighede wat 'n uiters verbitterde Boere-regering in die eerste 'n sekerheid maak en 'n soortgelyke Boereregering 'n waarskynlikheid in die tweede".

Milner het 10,000 Britse setlaars nodig gehad om die Boere onder te ploeg en sodoende die politieke probleem op te los. Toe die Britse immigrasie-skemas egter skipbreuk ly as gevolg van 'n depressie, het die Wetgewende Raad onder dwang van die mynbase besluit om Chinese arbeiders in te voer. Die depressie is toegeskryf aan 'n arbeidstekort en binne enkele maande was 50,000 Chinese op die Rand.

Hierdie besluit het 'n storm van woede laat losbars beide in die Transvaal en Engeland. Die Boere het dadelik 'n groot protesvergadering te Heidelberg belê waar hulle o.a. besluit het om 'n organisasie te stig volgens die kommandostelsel. In Mei die volgende jaar word op 'n groot volksvergadering besluit om 'n program op te stel vir 'n politieke organisasie. 'n Aansienlike deel van die Engelse bevolking het hulle egter ook teen die Chinese immigrasie verset en openbare vergaderings gehou waarop aangedring is op selfbestuur sodat hulle self kon besluit om die Chinese terug te stuur na China.

BRITSE MEERDERHEID

Lord Milner het bevrees geraak dat 'n kombinasie Boere en Engelse 'n sterk anti-Britse regering sou vorm indien selfbestuur toegeken word. Om dit te verhoed dring Milner by die Britse Regering aan om verteenwoordigende bestuur toe te ken in watter geval een-vyfde van die lede van die Wetgewende Raad aangestel en die res deur die bevolking gekies sou word. Die verhouding aangestelde lede is deur Milner vasgestel na die 1904 sensus, en hy het gereken dat dit voldoende sou wees om 'n Britse meerderheid te verseker. Op 8 Julie 1904 het Milner aangekondig dat die Britse regering die bepaling van die Vredesverdrag gaan nakom en Verteenwoordigende bestuur gaan toeken. Hierdie grondwet is bekend as die Lyttelton-konstitusie.

In Engeland het hierdie besluit 'n politieke twisappel geword en Campbell-Bannerman, die leier van die opposisie, het aangekondig dat sy party volle selfbestuur aan die Transvaal sal gee sodra hulle aan bewind kom. Die opposisie het ook die Chinese slawernykessie teen die regering gebruik, en met dié kreet het die Liberale Party die een setel na die ander met tussenverkiesings gewen, en teen die einde van 1906 daarin geslaag om die regering uit die kussings te lig. Campbell-Bannerman het woord gehou en in sy troonrede voor die Britse parlement op 1 Februarie 1906 kondig Eduard VII aan dat volle selfbestuur aan die Transvaal gegee sal word. Binne 5 jaar dms na die Vrede van Vereeniging kry die Boere 'n Grondwet, in Brittanje opgestel, deur Britte, volgens Britse idees en opvattinge.

PARTYSTELSEL

Ons wil kortliks let op 'n paar van die beginsels wat in hierdie grondwet saamgevat is. In die voorwoord van die akte waarmee die grondwet geproklameer word, word uiteengesê wat onder selfbestuur verstaan word:

„Volledige selfbestuur, soos dit in die Verenigde Koninkryk en die selfregerende kolonies verstaan word, veronderstel en bring mee party-regering in die praktyk.....

Dit wil nie sê dat 'n stelsel van party-regering dadelik heilsaam sal wees vir 'n land soos Transvaal wat deur twee verskillende volke bewoon word nie..... Daar moenie vergeet word nie dat 'n stelsel van partyregering 'n nuwigheid vir die inwoners van Hollandse afkoms in Transvaal sal wees, wie se staatsstelsel aansienlik verskil het van die stelsel wat in die Britse koloniale geskiedenis bekend is as verantwoordelike bestuur, waaraan 'n regering deur middel van partye onafskiedelik verbonde is".

Om aan hierdie Britse parlementêre stelsel te kan deelneem, moes die Boere nou 'n party stig volgens Britse model. Hierdie party was die „Het Volk"-party met generaal Botha as leier. Dit het gekom in die plek van die voorgestelde „kommando-organisatie" van Heidelberg.

Deur

J. F. W. HAAK.

DEMOKRATIESE BEGINSEL

Die Boere het egter nie die nuwe grondwet sonder teenkantsing aange- neem nie. Een punt waarteen „Het Volk"-party beswaar gemaak het, was die beginsel van „een stem een waarde". Hierdie beginsel beteken dat by die vasstelling van die kwota by afbakening van die kiesafdelings, sou die getal stemgeregtigdes in ag geneem word en nie die blanke bevolkingsgetal nie. Generaal Botha se beswaar hierteen was „dat die man wat onder moeilike omstandighede 'n groot familie en toekomstige burgers opvoed en grootmaak, op gelyke voet behandel word met die eenlopende persoon wat tydelik in die land vertoef as fortuinsoeker". Dit is die konsekwente toepassing van die demokratiese beginsel dat alle persone gelyk is. Dit is die stemgeregtigde indiuidel wat tel en nie die persoon se bydrae tot sy volk en staat nie. Die parasiet wat gedurende sy tydelike verblyf in die land alles wil verslind en opgaar vir sy eie sak, is gelyk aan die familielid wat verantwoordelike- heid het teenoor sy nageslag en wat daarna strewe om sy land in 'n beter toestand te oorhandig as wat hy dit ontvang het. Maar van hierdie beginsel kon nie afgesien word nie, anders sou die oorheersing deur die Brit nie gehandhaaf kan word nie.

„Enige afwyking van die beginsel van een stem een waarde.....gebaseer op kiesers en nie op bevolking nie, kan slegs een ding beteken — die vrye opoffering van die Britse posisie".

KAPITALISTE BAAT

Hierdie beginsel het ook vir die kapitaliste groot betekenis gehad, volgens Sir George Farrar, die leier van die Progressiewe party. „Ek is 'n kapitalis. Ek is 'n kapitalis deur my eie toedoen. Maar wanneer ek hier opstaan en die groot demokratiese beginsels van een stem een waarde bepleit, het u die mag om kapitaal in daardie rigting te lei wat die beste is vir die belange en ontwikkeling van hierdie groot land".

Hierdie bepaling sou dus ook die kapitaliste in staat stel om hul kloue

dieper in ons rykdomme in te slaan. Volgens art. IX van die nuwe grondwet was elke Britse onderdaan stemgeregtig. Boer, Duitser, Jood, Brit, ens. is nou gelykregtigde besitters van demokratiese regte, en die organiese idee van die Boerevolk is oorboord gegooi. Nie volk nie, maar wel bevolking is die fondament waarop die staatsmasjienerie gebou is.

In die volgende artikel sal ons nagaan hoe dit met die organiese Boerevolk gevaar het binne hierdie dwangbuis van 'n demokratiese Britse grondwet.

Boeke Benodig Vir Gevangenes

Van ons kamerade in die Sentrale Gevangenis, Pretoria, — is 'n versoek ontvang dat die volgende boeke vir hulle aankoop moet word:

Instink of verstand — deur Lulu Latsky; Sosiale lewe in die Natuur — deur Lulu Latsky; Simba — deur Sangiro; Afrikaans verklarende woordeboek; Afrikaanse Motortermes — deur Sandwyk.

Hierdie boeke is nie in voorraad by die boekwinkels nie en dit sal derhalwe waardeer word indien lesers wat in besit is van enige van hierdie boeke 'n briefie sal rig aan die Stafhoof, Gebied E, Posbus 8576, Johannesburg sodat reëlings getref kan word om die boeke van hulle te koop.


BEGRAFNISVERENIGING



'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Familie.

Die Lykbesorger in u dorp is ons agent. DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS BEPERK.

(Geregistreer onder die Versekeringswet)
82 Beckettsegebou, Presidentstraat 87,
h/v. Harrisonstraat,
JOHANNESBURG.



EEUFEESPOSKAARTE

1/6
Per Dosyn

SLEUTELKETTINGS

1/6
Posgeld 2d.

FAKKELLOOPPENINGS

Egte Silwer 30/-

Posgeld 4d.

EEUFEESMEDALJES

9d
Posgeld 2d.

UNIEWINKELS
DAMES EN SEUNS
UITRUSTERS EN SNYERS
(KOOPERATIEF) BEPERK
Geregistreer onder Wet No. 29 van 1939
Kerkstraat 275
PRETORIA

TAKKE:
Johannesburg
Vereeniging
Benoni
Kaapstad.

● Hou hierdie advertensie dop vir aankondigings van alle pas-ver-skene Afrikaanse Boeke.

Kinderboeke:

OP DIE KLEIN SPOORTJIES
deur Dr. P. J. Schoeman—6/6 posvry.

DRIE VERTELLINGS

deur M. E. R. — 6/- posvry.

Romans:

BOERSEUNS

deur Nic. J. Strydom — 7/4 posvry.

Diereverhaal:

HOBSON — Vlam van die Bantoeberge

7/10 posvry.

Godsdienstig:

Die lewe van ons Here

Jesus Christus

deur dr. F. J. B. Malan—6/3 posvry.

Die Gelowige in Christus

deur Ds. G. D. du Toit—1/9 posvry.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

Posbus 29, — Stellenbosch.

ONDERSTEUN ONS

ADVERTEERDERS

EXCELSIOR WYNMAKERY

(Eien.: JOHN SCHOEMAN)

Groothandelaar in Wyn en Spiritus.

VLAKTEPLAATS-STASIE.

Posbus 1 — Foon 902

Tel. Adr.: EXCELSIOR.

Geniet EXCELSIOR Kwaliteitswyne waaraan 3 Silwer Bekers en verskeie Eerste Pryse op die Westelike Provinsie Wynskou toegeken is.

PRYSLYS:

	Per Bottel in 12 Bottel	Per Gelling in 5 Gel. Vaattjies
Excelstor Spesiaal (Soet)	2/6	11/-
Excelstor Wit Jeripiko	1/9	8/6
Excelstor Rooi Jeripiko	1/9	8/6
Excelstor Malmsey	1/9	8/6
Excelstor Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Excelstor Rooi Soet Muskadel	1/8	8/-
Excelstor Soet Port	1/8	8/-
Excelstor Port	1/7	7/6
Excelstor Pontak	1/7	7/6
Excelstor Worcester Hock	1/7	7/6
Excelstor Spesiaal Sjerrie	1/7	7/6
Excelstor Sjerrie	1/6	7/-

BRANDEWYNE:
Excelstor A I 8/- | — || Excelstor Boegoe | 7/6 | — |

LIKEURS:
Excelstor Kersie 6/6 | — || Excelstor van der Hum | 6/6 | — |
Excelstor Creme de Menthe	7/6	—
(Peppermint)	7/6	—
EXCELSIOR JENEWER	7/6	—

JENEWER-LIKEURS:
Excelstor-Lemoen 7/6 | — || Excelstor-Suurlemoen | 7/6 | — |
Excelstor Hanekraai (Cocktail)	4/-	—
Excelstor MOSKONFYT	1/6	6/6
(in karbas alleen)		

LET WEL. — Ten einde onnodige moeite en verdragting uit die weg te ruim, word u vriendelik versoek om u by die volgende voorwaardes te bepaal:—

Aangesien ek uitsluitlik 'n Groothandelaar is, en as sulks aan die Publiek voorsien, mag ek nie minder as 12 bottels drank verkoop nie. Bestellings uit enige verskeidenheid gelykstaande aan hierdie hoeveelheid mag uitgevoer word. B.v. 6 Bot. Wyn, 3 Bot. Brandewyn, 1 Bot. Jenever, 1 Bot. Likeur of 1 Bot. Hanekraai. Moskonfyf sal egter net in 12 bottels en in Karbas voorsien word.

Bestellings sal alleenlik KONTANT MET BESTELLING OF KONTANT BY AFLEVERING plus K.B.A. koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie, uitgevoer word.

KONTANT MET BESTELLING PLUS SPOORVRAG MOET ALLE BESTELLINGS VANAF SYLYNE OF BUSHALTES VERGESSEL. SO NIE, MOET NAASTE STASIE AANGEGEWEN WORD.

Die bovermelde pryse sluit nie deposito's op Inhouders in nie, en die volgende bedrae moet bestellings vergesel:

5 Gel. Vaattjies 20/- | stuk. || 4 1/2 Gel. Karbas | 10/- | stuk. |
| Bottels per dosyn | 3/- | |
| Kissies | 2/- | stuk. |

Moet asseblief nie die etiket op inhouders verwyder wanneer u dit terugstuur nie.

MY VERANTWOORDELIKHEID STAAK nadat goedere in goeie toestand aan die Spoorweg oorhandig en 'n SKOON VRAGBRIEF VERKRY IS. Indien goedere by aankoms teenstrydig vertoon met vragebrieff wat aan kopers voorsien sal word, moet eise self ingestel word.

DIE O.B., WOENSDAG, 28 FEBRUARIE 1945

Slagoffers van Partypolitiek

Die optrede van die Empire-partybewind teen lede van die Broederbond in die staatsdiens het ten gevolge dat die land sommige van sy beste kragte op die ashoop gooi. Onder diegene wat uit die staatsdiens geforseer is, is prof. dr. H. O. Mönnig van Onderstepoort. 'n geleerde wat wêreldbekendheid verwerf het deur sy navorsing en deur wie se toedoen daar vandag etlike middels bestaan wat hoerdy in Suid-Afrika moontlik maak. Hy word egter deur die partybewind uitgeskop en, na berig is, is hom onmiddellik 'n betrekking in Amerika aangebied.

Dat ons land een van sy grootste geleerdes miskien gaan verloor ten bate van 'n vreemde land, is seer sekerlik iets wat elke vaderlandsliewende burger met verontwaardiging sal vervul. Dog vir die politiek is dit 'n saak waaraan hulle geen tweede gedagte skenk nie — daarvoor word hul aandag te veel opgeneem deur verkiesingsmoontlikhede.

In hierdie omstandighede kom dit ons komies voor dat sommige mense na 'n ander politieke party opsien om hulp in verband met hierdie partyskandaal. Die opposisie-partypers het dan ook nie uitgeby om heelwat drukte te maak oor die uitskopbeleid van die regering nie. In een van sy koerante het dit o.a. as volg geluit:

„Maar Suid-Afrika kan hul dienste nie mis nie, en allermens as gevolg van die politiekery van 'n kleinsielige en vervolgsugtige bende jingo's.”

MOOI, MAAR.....

Hierdie uitspraak klink mooi en kragtig.....vir iemand wat self 'n skoon rekord het, maar nou is dit eenmaal so dat partypolitici die laaste mense is wat by magte is om 'n balk nit die oog van 'n ander te verwyder sonder dat hulle struikel oor die balk in eie oog. Geen politieke party is vry te spreek van hierdie „kleinsielige en vervolgsugtige” neigings nie. Dit is nou eenmaal 'n partypolitieke noodwendigheid om andersdenkendes uit te trap en uit te skop waar hulle te naby die eie party kom. Dit is omdat die partypolitiek gebaseer is op die beginsels van oorlogvoering. Twee strydgroepe verkeer in 'n staat van oorlog en daarvoor word die lede van die volk in twee oorlogskampe gemobiliseer teenoor mekaar. Net soos geen vyandige soldaat vryelik toegelaat word om besoek af te lê by die eie leër nie, behalwe as hy onder witvlag geblinddoek in- en uitgeleide gedoen word, net so is dit noodwendig vir die partypolitieke oorlogvoering dat vermeende vyande naastiglik uit eie kring geweier moet word.

POT EN KETEL

As die opposisie-party vandag krokodilrane huil oor die skade wat die land aangedoen word deur 'n „kleinsielige en vervolgsugtige” beleid van 'n Jingo-party, dan is dit maar net 'n kwessie van die pikswart pot wat die gitswart ketel verwyte toevoeg. Het hierdie opposisieparty dan nie self die voorbeeld gestel deur sy uitskopbeleid teenoor alle ampsdraers binne die party wat nog lid van die Ossewabrandwag wens te wees nie? En het hierdie party nie dieselfde beleid aangegee toe die Nasionale Pers sy werknemers verplig het om hul lidmaatskap van die Ossewabrandwag op te sê en toe die O.B.-leiding genoodsaak was om hierdie mense eervolle ontslag te gee ten einde te verhoed dat hulle hul gewete verkrag terwille van hul brood nie?

En het die leier van die opposisie-party nie self verlede jaar op Uitenhage die Afrikaanse sake-ondernemings, die volksorganisasies en selfs die kerk gewaarsku teen „O.B.-indringing” nie? En het een van sy hoofindoenas, die heer Eric Louw, nie in Die Transvaler geskryf dat hy nie kan sien hoe die kerk nog langer kan toelaat dat O.B.-lede ampte binne die kerk beklee nie?

Nee, dit is nie net blote kleinsieligheid en vervolgsug van 'n bende jingo's wat Suid-Afrika hierdie skade berokken nie, maar dit is die primitiewe oorlogsges van die partypolitiek wat ewigdurend stryd voer teen volksgeenote en hulle daarom as spioene moet behandel wanneer hulle van die eie party oor sake van beleid verskil. En Suid-Afrika moet die gelag betaal.

Nog eens oor Magsverskuiwings

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Terwyl die militêre druk op Duitsland van alle kante versterk word en die spoedige end van die Europese oorlog in Washington, Moskou en Londen reeds klaar vasgestel is, vind daar daagliks in die politieke wêreld gebeurtenisse plaas wat ons aandag verdien. So verneem ons in die jongste tyd b.v. van nuwe oorlogsverklarings teen Duitsland en Japan. Dat hierdie oorlogsverklarings teen vyande wat volgens Washington, Moskou en Londen reeds klaar verslaan is, min militêre betekenis het, spreek vanself. Selfs die propaganda van die Geallieerdes beweer nie dat hierdie oorlogsverklarings militêre betekenis het nie.

So berig Reuter met buitengewone openhartigheid uit Londen dat die Turkse parlement vandag (Vrydag 23 Februarie) 'n oorlogsverklaring teen Duitsland en Japan, wat van 1 Maart af sal geld, eenparig goedgekeur het. Die Turkse minister van buitelandse sake het deur die Ankara-omroep 'n verklaring uitgereik waarin hy sê dat die Britse ambassadeur in Turkye hom op 20 Februarie besoek het. Die ambassadeur het namens die Britse regering 'n memorandum aan hom oorhandig waarin verklaar is dat in ooreenstemming met die besluit van die Krim-konferensie, dié lande wat voor 1 Maart 1945 oorlog teen Duitsland verklaar, beskou sal word as deelnemende nasies aan die kant van die Verenigde volke. Hierdie lande sal uitgenooi word om deel te neem aan die konferensie op 25 April om die toekomstige wêreldorganisasie te bespreek. Ewe naief word dan bygevoeg dat lande soos Turkye, Egipte, Ysland, Chili, Ecuador, Paraguay, Peru, Uruguay en Venezuela reeds gekwalifiseer het om aan die samesprekings in San Francisco deel te neem. Aldus Reuter.

Hierdie gebruikmaking van die komende konferensie van San Francisco as lokaas om aan die end van die oorlog nuwe oorlogsverklarings teen Duitsland en Japan te kry, lyk ietwat vreemd. Grootmoondhede hou gewoonlik daarvan om by internasionale samesprekings die hoogste woord te voer en om klein nasies op die agtergrond te druk indien nie heeltemal te ignoreer nie.

Hierdie vreemde altruïsme van Washington en Londen — dit geld veral hierdie twee moondhede aangesien die klein volke, wat hierbo genoem is en wat reeds vir San Francisco gekwalifiseer het, almal onder Amerikaanse of Britse invloed staan — is minder vreemd as in aanmerking geneem word dat Sowjet-Rusland uit byna twintig Sowjet-republieke bestaan en dat Moskou onlangs aan elkeen van hierdie republieke 'n soort van eksterritoriale soevereiniteit toegesê het. Die moontlikheid bestaan dus dat die Sowjet-Unie op toekomstige internasionale konferensies oor 'n oormag van afgevaardigdes en derhalwe van stembal sal beskik. Hierdie nuwe oorlogsverklarings en kwalifiserings vir San Francisco is dus moontlik nie in die eerste plek teen die Duitse en Japanse vyande gemik nie maar wel teen die stembaliger Russiese bondgenoot.

Die werwing van rekrute vir bondgenoot teen bondgenoot.

Ook op politieke gebied gaan dit dus oor die geweldige magsverskuiwing wat op die oomblik plaasvind.

Die drie groot bondgenote is elkeen op sy beurt besig om rekrute te werf. Die sukses van die Rooi leër het reeds 'n hele aantal rekrute soos Finland, die Baltiese state ens. ens. vir Rusland gewen. Selfs in lande soos Frankryk, Italië en België, waar die Amerikaans-Britse invloed die sterkste behoort te wees, het Rusland reeds belangrike rekrute gewen. Die bekendste rekrute is die Frankryk van De Gaulle. Die algemene ontwrigting van die oorlog en die skynbare onmag van Washington en Londen om binne-landse vrede, veiligheid en welvaart in bevryde lande te bewerkstellig, is oorsaak dat Moskou nog meer rekrute in die Weste werf.

Die Franse Voorbeeld.

Onlangs het Reuter dit goedgevind om die volgende berig uit Parys te stuur: „Frankryk het met groeiende ekonomiese moeilikhede te doen, wat na die mening van plaaslike gesaghebbendes die hele land in wydverrekte hongersnood en langdurige wanorde kan dompel indien daar nie onmiddellike stappe gedoen word nie.

Die gebrek aan spoor- en padvervoergeriewe is oorsaak daarvan dat die Franse owerheid nie die olie- en petrolvoorrade wat die Britte en Amerikaners in verskeie hawens tot sy beskikking gestel het, by die verbruiksentrums kan kry nie.

Ses maande na die bevryding van die Franse volk is die mense hongerder en kouer as wat hulle ooit tydens die Duitse besetting was.

Dit is nie net die huidige toestand wat die Franse owerheid hoofbrekings besorg nie. Die toekoms lyk nog ernstiger. Aldus Reuter wat nog kon bygevoeg het dat toestande in ander „bevryde” lande nie rooskleuriger is as in Frankryk nie en dat dergelike lande uitstekende kweekplekke vir die kommunisme is.

'n Engelse lord se stem.

Terwyl Angel-Saksiese propaganda oorloop van dankbaarheid en lof vir die Sowjet-Unie en sy Rooi leër en maak asof hy vir 'n toekomstige Russiese gevaar geen oog het nie, het die hertog van Bedford onlangs 'n ander taal gepraat. Volgens hierdie lord bestaan daar 'n ernstige gevaar van 'n toekomstige oorlog met 'n „meedoënlose totalitêre Rusland wat oppermagtig is in Asië en Europa.” Die hertog het bygevoeg: „Die gewone mense sal vertoorn wees oor (Vervolg op bls. 6, kol. 3)

VERGADERING!

Die Bellville Kommando's nooi die Kommando's van Generaalskap A2 en alle vriende uit na 'n vergadering in die

KERKSAAL, BELLVILLE

op

8 Maart 1945 om 7.50 n.m.

(stiptelik)

Spreeker:

Ons Adjunk-Komdt-Generaal

Genl. J. A. Smith.

Kom Seker !!

VRYHEIDSDAG - VIERING

HOOFKOMMANDANTSAPPE, STELLENBOSCH en STUDENTE

vier

Vryheidsdag op die O.B.-terrein, Blaauwklip

SATERDAG, 3 MAART, 8 n.m.

Spreeker: HOOFKOMDT. DR. COERTZE.

BRING SAAM 'N STUK HOUT EN SPESIALE NOODHULPOFFER.

Gesellige byeenkoms vanaf 4 n.m. Jukskei ens. Warmwater vir koffie sal verskaf word.

ALLE VOLKSGENOTE WELKOM.

Dringend Benodig

VIR INBIND VAN O.B.-JAARGANGE HET ONS 'N TEKORT AAN DIE VOLGENDE NOMMERS VAN DIE 3de JAARGANG:

Nos. 15, 37, 38, 39 en 42.

DIT SAL WAARDEER WORD INDIEN OFFISIËRE EN BRANDWAGTE WAT VAN HIERDIE UITGAWES HET, DIT SAL STUUR AAN:

DIE BESTUURDER — VOORSLAG (EDMS.) BPK.
Bus 1411 KAAPSTAD

SY SPRAAK MAAK HOM BEKEND

Nadat Die O.B. 'n paar maande gelede die aandag van Afrikaanse soldate daarop gevestig het dat die leier van die „Springbok Legion” ene sersant-majoor Isacowitz is, het die Afrikaners in die „Legion” blykbaar so uitgedun geraak dat daar nie meer een gevind kan word om iets in Afrikaans ten behoeve van die vereniging te skryf nie — te oordeel na die jongste uitgawe van Fighting Talk, amptelike orgaan van sers.-maj. Isacowitz se beweging. Die taal is so gebrekkig dat geen Afrikaner met std. II daarmee genoeë sal neem nie. As voorbeeld haal ons onderstaande stuk aan uit 'n verdediging van sers.-maj. Isacowitz. Ons plaas dit onveranderd soos dit krom en verwronge uitgekraam is:

„Die Ossewa Brandwag met sy bankrot beleid, met sy niksbeduidende beloftes en ydele spoggerij, het nou skielik hulle aandag aan die S.L. gewy en wat het hulle uitgevind nie dat die S.L. 'n demokratiese organisasie is nie, of 'n organisasie is waaraan daar 53,000 Suid-Afrikaanse manne en vroue behoort, manne en vroue wat gewillig was om hulle lewens op te offer vir Suid-Afrika, en nou sien dat die 'n organisasie is wat ten gunste van hulle werk, nee dit kon die O.B. raak sien nie want hulle was te onkundig, al wat hulle kon raaksien in die S.L. was dat die Nasionale voorsitter van die S.L. 'n Jood is. Omdat hy 'n Jood is moes hulle toe bittere aantuigings maak in hulle ou nuusblaadje. — Die ou spreekwoord is darem maar waar „as jy 'n hond wil slaan, kry jou wel gou genoeg 'n stok in die hande.”

ONS VOORSITTER

„Die O.B. vra die vraag of die soldaat sal kant kies by die O.B. of by die voorsitter van die S.L., wel dit is vir die soldaat om vir homself te kies. **HIER IS ONS KEUSE:**

„S/M Isacowitz, die voorsitter van die S.L. is hier in S.A. gebore, na

Die foto van 'n geïnterneerde moes hierdie keer onvermydelik oorstaan.

VERJAARDAGKETTING

1 Maart: Anna Schreuder, Aughrabies; F. du Plessis, Bellville; Nicolaas Fourie, Leeuwkloof; L. Lotz, Somerset-Oos; M. v. Rensburg, Kirkwood; Erna Fahrenfort, Parow; Elsabe Roux, Franschhoek; S. v. d. Merwe, Rietfontein; Theima v. d. Merwe, Paarl; Elma Kruger, Koster; Anna Myburgh, Reitz.

2 Maart: Johanna Leonard, Eppingtindorp; Maria Marais, Port Elizabeth; Mathys Otto, Tielvele; Johanna Marais, Loxton; Ria Coetzee, Blikfontein; Hermanus Fourie, Observatory; Daniel Barnard, Groot-Brakfontein; A. Labuschagne, Groot-Marico; M. P. v. Staden, Zeerust; Tina v. Wyk, Rustenburg; Cornelia Coetzee, Rustenburg.

3 Maart: Stefanus v. d. Merwe, Kromrivier; Martha Marais, Paarl; Gideon v. Eck, Port Elizabeth; Elaine v. d. Spuy, Noord-Paarl; Marjorie Swanepoel, Noord-Paarl; Anna Scott, Louis Trichardt; E. de Klerk, Swartbos; E. M. v. d. Walt, Drie-Vierboom; Elizabeth du Toit, Swartkraggen.

4 Maart: Magdalena Barnard, George; A. C. Visser, Noord-Paarl; Elise Minnaar, Southfield; Kobus Meyer, Leendoomstad; H. Lombard, Somerset-Oos; Steven Kleynhans, Kirkwood; Jacobus Swanepoel, Tielvele; Ernest Malan, Pinelands; Daniel Deyzel, Lismburg; Babsie Rieker, Rustenburg; Aletta Erasmus, Rustenburg; Matheus Willems, Magalieskraal; Susanna Steyn, Bethlehem.

5 Maart: Petronella Meyer, George; Vivian v. Zyl, George; Pieter Theron, Merweville; Gert Slabber, Paarl; Hester Gouws, Prins Albert; R. du Toit, Goudini; Pieter Kruger, Bethlehem.

6 Maart: Elmine Roux, Suider Paarl; Elmorie le Roux, Franschhoek; Johan Malan, Wellington; Johanna van Niekerk, Albelt; Emmerentia Boshoff, Groot-Brakrivier; Willem Erasmus, Maribogo; Hendrina le Roux, Baltimore, Alida v. Wyk, Rustenburg; Albertha Venter, Magalieskraal; H. Young, Vryburg.

7 Maart: Dora Visser, Stellenbosch; Jan Duvaan, Groot-Drink; Jacomina Hanekom, Paarl; Pieter Kritzinger, Humansdorp; Susanna Pelsner, Johannesburg; Louisa Venter, Noord-Transvaal; G. J. du Plessis, Dwaalboom.

sy skooljare het hy homself kwalifiseer as 'n apteker en was werksaam vir 'n Firma hier in die Stad. In sy spaartyd het hy 'n graad behaal aan die Universiteit. In Mei maand 1940, toe die gevaar op ons drempel gedreig het was hy alreeds bo in die noorde gewees saam met die Vrystaatse Artillerie, 'n deur en deur Afrikaanse Regiment; 'n deel van ons Dan Pienaar se eerste brigade. Hierdie brawe Suid-Afrikaners wat die Italianer en die Duitser uit Afrika uitgeja het, het nie die vraag gevra of hy Jood was of wat hy was nie, maar hulle het wel saam skouer aan die wiel gestaan.

„Nadat S/M Isacowitz terug gekom het S.A.-toe het hy saam met baie andere een van die fondament lede van die S.L. geword. Van daardie tyd af het hy hard gewerk deur dik en dun, saam met so baie van sy kamerade wat nie jode was nie, hulle het hul self nie gespaar nie en het, ten behoeve van die S.L. en tennugste van die ontslaande man en vrou, en om demokrasie in S.A. op te beur, hard gewerk.” (Na dese sal die S.L. self heelwat opbeuring nodig hê! — Red.)

O.B. Trek Laer Rondom Werkers Hele Volk Veg Saam

Voor 'n groot gehoor in die stadsaal van Port Elizabeth het hoofkomdt. W. R. Laubscher, stafhoof van die O.B.-Arbeidslaer, 'n uiteensetting gegee van die doel en betekenis van die Arbeidslaer vir die werker en ons volk.

Komdt. Laubscher het aangeleen hoe daar in ons geskiedenis twee afsonderlike strominge stryd gevoer het teen die kapitalistiese en imperialistiese kombinasie, soos saamgevat in Cecil Rhodes. Die arbeiders het in die stede geveg teen lae lone onderwyl die platteland 'n nasionale stryd teen die imperialisme gevoer het. Met hierdie verdeelde magte kon geen welslae behaal word nie, maar vandag ontmoet die twee strome van sosialisme en nasionalisme mekaar binne die Arbeidslaer van die Ossewabrandwag. In hierdie verengde front lê die mag van die Afrikanervolk.

Wat die vakbonde betref, is dit die beginsel van die O.B.-Arbeidslaer om dit aan te moedig, want dit is die vernaamste wapen teen die kapitalisme. Dit is egter nog nie genoeg nie. Rondom die vakbonde moet 'n laer getrek word deur die hele volk — die boerefront, die arbeidersfront, die jeugfront ens. Hierdeur sal al die vakbondelede saamgebind word nie net onderling nie, maar ook met die volk as geheel teen die gemeenskaplike vyande van nithuiging.

Ons huidige parlementêre stelsel, het spr. voorts betoog, was miskien dertig jaar gelede goed, maar vandag deug dit nie meer nie. Vandag moet dit berus op 'n ekonomiese grondslag, en wel so dat elke front by magte sal wees om mag uit te oefen deur middel van behoorlike wetgewende verteenwoordiging.

Komdt. J. Lamprecht het met gebed geopen, terwyl genl. Francis Robertson en hfkomdt. Jan Hurter ook op die verhoog was.

Genl. Robertson het in sy verwelkoming beklemtoon dat daar vandag twee-derdes van ons volk in die stede is waar dit voorheen net andersom was. Vandag is die tyd vir die arbeider om op te staan en sy reg te eis nou dat revolusionêre idees aan die orde van die dag is. Die werker moet gered word uit die modderpoel waarin elkeen net vir homself veg. Vir dié doel het die Ossewabrandwag die Arbeidslaer in die lewe geroep wat gerugsteun word deur die boerefront, die jeugfront — in die hart die hele front.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERERS.

„DEMOKRASIE” VEROORDEEL

In die Burger van 21 deser verskyn twee berigte omtrent die vrugteloseheid van die parlementêre stelsel. In sy oorsig oor die volksraaddebatte verklaar die blad onder meer:

„By die hoofdelike stemming het party Sap-lede wat teen sen. Conroy se beleid teenoor tydelike grondhuursers gepraat het, hul oortuiging in hul sak gestee. Die wat altans teenwoordig was, het teen die Opposisie-amendement oor die saak gestem”.

Die ander is 'n berig oor 'n toespraak van mnr. J. R. Sullivan, L.V., wat as volg lui:

„Die demokratiese strewe is as 't ware nog in geen land in die wêreld uitgeleef nie. Mnr. Sullivan het die toestand gewy op die parlementêre stelsel, wat meebring dat besluite vooraf geneem word en die lede stem soos hulle vooraf beveel is. Die hand van die swepe en koukuse in die Volksraad openbaar hom in die optrede van die Ministers en op baie ander gebiede”.

KERKBASAAR

Saterdag 3 Maart om 10.30
WELKOM! WELKOM!

By die Tafelberg Gemeentebasaar


Kerksaal, Bultekantstraat, KAAPSTAD.

KOEK, BROOD, GROENTE, VRUGTE, HANDWERK, LEERWERK ens. ens.

Smaaklike Middagete.



NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

Kommando

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD


84 2250

BOLAND BOTTELSTOOR

HOOFSTRAAT 73

P A A R L

Foon 984



„U 8% Diwidend

is aan goeie organisasie te danke

„U kan van geluk praat. Ek vermoed natuurlik dat u aandeelhouer is van ons groeiende meubelsaak — Excelsior Meubels Beperk.

„Dis nog 'n jong besigheid, vol lewenslus en met onbeperkte moontlikhede. Maar wat eintlik van belang is, die saak word in die regte rigting gestuur. Met ander woorde, u 8% diwidend is aan goeie organisasie te danke.

„Excelsior Meubels Beperk het klein begin. In 1941 het ons een winkel en een fabriek gehad. Vandag besit Excelsior Meubels nege winkels en drie fabriekke. Die omset het groot afmetings aangeneem. Winstegroei ongestoord.

„Daarom kon Excelsior Meubels Beperk nog jaarliks 'n diwidend van 8% verklaar. En dis ook daarom dat die kapitaalinskrywing tienvoudig gestyg het.

„As u nou 'n geleentheid kry, kom kyk gerus by een van die winkels na die kwaliteit meubels wat ons die publiek aanbied.”

Hier is die winkels se adresse: De Villiersstraat 15, Johannesburg; Meyerstraat 183, Germiston; hoek van Andries- en Pretoriusstraat, Pretoria; Kerkstraat 108, Potchefstroom; Crossstraat 42, Kroonstad; Maitlandstraat 69 en St. Andrewsstraat 123, Bloemfontein; Pleinstraat 47-49, Kaapstad.

Excelsior Meubels BEPERK

Organisasiekantore waar inligting omtrent aandeel kan verkry word: Spoorbondkasgebou 603, Johannesburg; Maitlandstraat 68, Bloemfontein; Groote Kerkgebou 614, Kaapstad.

Of skryf om 'n prospektus en nadere inligting omtrent aandeel aan die Hoofbestuurder, Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.

Geklassifiseerde Advertensies

GEBORTE

LAZENBY. — Aan Aast/Veldkt. en Veldkte. M. B. Lazenby, Greytown, Natal, 'n fris O.B. seuntjie, op die 5de Februarie.

REDINGER. — Aan Mnr. en Mev. W. E. Redinger, Seven Oaks, Natal, 'n gesonde O.B. dogtertjie op die 9de Feb.

KEYTER. — Aan Veldkornet en Mev. P. B. Keyter van Port Elizabeth, 'n fris seun. Naas die Heer dank aan staf van Hellsleër Kraminrigting.

ROSSLEE. — Aan oud-geïnterneerde en Ass.-Veldkornette Frikkie Rosslee, 'n fris O.B. dogter op 9 Feb. Naas God, dank aan dokter, verpleegster en moeder. Lank lewe die O.B.

LÖTTER. — Aan Veldknt. en Mev. Tewie Lötter van Heuningspruit, 'n fris O.B. seun op 6 Feb. Dank aan die Gewer, dokter en verpleegsters.

VERLOWING

KURSUS in Huishoudkunde. — Vir alle jong dames en huisvrouens nou gereed. Kookkursus, Kiere Skoonmaak, Huisbestuur, ens., ens. Volle besonderhede van: Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.

HUWELIK

FYFER-PEROLD. — Ons, Eileen, dogter van Mnr. en Mev. I. A. Perold, Grl. Drakenstein, en Danie, seun van Mnr. en Mev. B. S. Fyfer, Malmesbury, trou D.V. Saterdag, 10 Maart om 3 uur n.m. in die Grootte Kerk, Kaapstad. Gelukwensing en telegramme: Kloofnekweg 10, Kaapstad.

DOODBERIG

KRIEL. — Met diepe leedwese het ons afskeid geneem van Brandwag A. F. M. Kriel van Wilgenboutsdrif, in die ouderdom van 35 jaar, 8 maande en 16 dae na 'n smartlike lyding van 6 maande (aan kanker), wat gedra is met 'n glimlag. Hy was vir ons 'n insprasje en voorbeeld in die volkslewe. Oom Alex ons sal u mis, maar gun u die rus. Ons innige simpatie met ouma Kriel, kinders en kleinkinders. — Kom. A15c3.

LÖTTER. — Dit het die Here behaag om van ons weg te neem ons ou vader, in die ouderdom van 81 jaar, op 7 Feb., na 'n smartvolle lyding van maande. Rus, swaer vader. — Moeder, Tewie, Corrie, Jakob en Dorina.

PERSOONLIK

ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntenende diens teen billike pryse. Steun hierdie Afrikaners: Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.

DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. W. J. Grobbelaar, Kerkstraat, 92, Potchefstroom. Foon 330.

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is en of dit tot hertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstreke volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heilkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. The Scientific Health Institute, Posbus 1336, Kaapstad.

ONDERSTEUN 'n Afrikanersaak. A. P. Swart vir Kruideniersware, eetware en alle soort benodigdhede. Carolinestraat 95, Brixton. Foon 35-1879.

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.

WESTMINSTER-HAARKAPPERSALON. — Bestuurder J. P. Olivier. Die Salon vir here wat nie die middelmatige tevredenheid is nie. — Kerkstraat 6, Kaapstad. Foon 2-4831.

BELANGRIK VIR BOERE

ONS bied aan: — Kursus in Varkboerdery. Kursus in Skaapboerdery. Kursus in Tabakboerdery. Kursus in Huishoudkunde. Besonderhede van: Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.

LEESSTOF

PUBLICITE bring u die openbarings van die worstelende gees van ons tyd. Leeslaerreeks; politieke, ekonomiese en maatskaplike brosjures. Die moderne uitgewers Publicité, Posbus 4892, Johannesburg.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Bepker, Kamer 703, Grootte Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro-Ecclesiastika-Drukkery (Edms.) Bepker, Stellenbosch.

MANUSKRIPTE

IS U 'N SKRYWER? Toets u eie aanleg. Stuur u manuskrip vir Simpatiese oorgeweging aan **PUBLICITE**. Ons het 'n goeie afsaetgebied vir herofese verhale en biografie van ongeveer 14.000 woorde elk. Billike voorwaardes. **PUBLICITE** Handelsreklamediens (Edms.) Bpk., Posbus 4892, Johannesburg.

VAKANSIEPLAAS

Besprek vroegtydig plek vir u volgende vakansie by Mev. A. BADENHORST, Vergeenoegd, Riversdal. Die ideale plaas met sy natuurskoon. Vriendelike behandeling, gerielike kamers, geurige etes en billike terme.

RETREKKING VAKANT

BENODIG: Applikasies word gevra vir Motor Werktuigkundige by Roelou Barry (Edms.) Bpk., Bonnievale. Applikasies wat voor Saterdag, 9 Maart moet in wees, moet vergesel gaan van alle inligting insake ouderdom en kwalifikasies, ondervinding, jongste getuigskrifte, salaris verlan en wanneer dienste aanvaar kan word. Applikant moet ongetroud wees.

BENODIG. Paar seuns vir draalbank werk. Moet bietjie ondervinding hê. Aansoek by P. J. Barnardt, Unifondale.

BENODIG. Moedershulp vir tweejarige seuntjie. 1 April. Beginsalaris f5, getuigskrifte noodsaaklik. Skryf aan Mev. van Zyl, Tulleyallenweg, Rondebosch, Kaapstad.

BENODIG: 'n Eerlike, fatsoenlike jongkêrel ongetroud, vir algemene werk op saaiplaas in die Koeberg. Moet kan werk met trekker. Boerseun by voorkeur. Salaris f6 per maand, vry inwoning; 1 April te begin. Skryf aan: A. Loubser, Bus 1, Durbanville.

TE KOOP

EERSTELAS OUESAAL. Vroet Kaapse Plat Geel, 7/6. Australiese Bruin, 6/-. Spaanse Bruin, 6/-. Kaapse Strool, 6/-. Alles per pd. Gert van Rooyen, Bus 41, Unifondale.

ESTELLE Jersey Stootery. — Bied u aan weens droogte en veldskaarste, 7 opregte en 2 nie opregte, maar lyk opreg, Jersey-koeie. Die opregte en twee wat nie opreg is nie, is oud, maar kan nog 'n paar kalwers lewer. Een oue en een jonge het net 2 spene. Die orige 4 opregte is van 5 tot 7 jaar oud. Twee ou opregte en een nie opregte is swaar in kalf. Die ander glo ek nie is in kalf nie, maar drie het bul-kalwers, waarvan een 'n uitstekende bul sal maak. Die lot teen spotkoopprys van f100. 1 geregistreerde bul, 8½ jaar teen f20; 1 goedgekeurde bul, 4½ jaar, teen f20; 3 goedgekeurde bulle 23 maande, teen f12-10-0 stuk en hoog aanbeveel. Drie jong Kateloniëse donkie hingsties teen f7-10-0 stuk. 2 Kateloniëse merries met hings vullens teen f7-10-0 stuk. Merrie met 'n vul. Drie Kateloniëse merries in vul teen f5 stuk. Ook Romney en Dorsethorn ramlammers 5 en 6 maande, teen f4 stuk, en een opregte Afrikanerram teen f4. Al bogenoemde vee is K.M.B. Emmaus Sylyn. G. D. v. d. Merwe, Waveren. Pos Emmaus Sylyn.

GROENTESAAD. — Chantenay en Nantes wortelsaad 12/-. Donkerdetroitbeetsaad 10/-. Australiese Bruinleusaad 7/-. Almal per pond. 2/- Duurder op halfpound. Spesiale afslag vir meer dan 40 pond. Alles gesertifiseer. K.M.B. Posvry. Premier Saadkwekers en Verspreiders, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

HEERLIKE vars gesonde tafellappels teen 30/- per sak van 153 lbs. V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakke. Tevredenheid gewaarborg. S. W. Rable, Kommandant, Bus 328, Bethlehem.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

ONS bied aan Gesifte Karooms teen 38/6 per ton; Rumis teen 12/6 per ton (minimum 12 ton); Ganna Loogas, die beste soutlek teen gelsiek en haarwurm, teen f1 per sak. V.O.S. ons stasie. Aflewering dadelik. 90% afslag op spoorvrag aan Transvaal en Natal boere. Kontant met bestelling aan Noordelike Knap Soutpanne, Posbus 58, Prieska.

48 Bas Cuerrini Arrico Piano Akkordeon. So goed as nuut. Tevredenheid gewaarborg. Prys f75. W. P. Mynhardt, P.S. Uitbetaal, oor Vryburg.

BLONBOLLE

ONS het 'n beperkte hoeveelheid keurig gesorteerde Tier, Philippinense, Regale en St. Joseph Lelies, Tjienkerintjie, Anemone, Swardelle, Affodil, Ronkel, Hiacinth ens. bolle beskikbaar. Bestel Vrughtebome en Wingerdstokke nou vir Winter-planttyd, voorraad beperk. Fryslyste op aanvraag. — Herholdt se Boomkweekerye, Posbus 660, Johannesburg.

SOUT onmiddellik versend A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton. V.O.B. Soutpan. K.M.B. — H. J. de Beer, Rusplaa, P.K. Florisbad.

SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaner: Spesiale A1 f2-19-2, Sneeuwit No. 1 f2-14-2, Wit No. 2 f2-9-2 per ton vry gelaai soutwerke. Adres: M. Venter P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.

MAGSVERSKUIWINGS

(Vervolg van bls. 4, kol. 4)

die wreedheid van die Russe in Poie en die Oossee-state, terwyl ons geld-base jaloers sal wees oor sy materiële heerskappy. Ons het tot die oorlog toetgetree om Pole te beskerm," aldus die Engelse lord, „en tans moet ons toelaat dat die Russe meer van die land gryp as wat Hitler geëls het. Daarbenewens moet ons 'n Quisling-regering van Kommuniste duld".

Die Hertog het die Sowjet beskryf as „die enigste land wat nie die Rooikruis of enige ander internasionale liggaam toelaat nie", en 'n land waarin „daar geen vryheid, vryheid van die pers of enigiets demokraties bestaan nie".

Teenoor 'n oppermagtige en ondemokratiese Rusland stel hierdie Engelse lord 'n Brittanje wat na die Oorlog siegs 'n tweederangse moondheid sal wees. Aldus die mening van die hertog van Bedford oor die magsverskuiwing en die onverkwiklike posisie van Brittanje in die na-oorlogse wêreld.

Loopbane Van Ierse „Rampokkers"

In die Irish Digest kom 'n interessante opsomming voor van hoe veroordeelde Iere aan wie genade betoon is, later in die lewe uitgedraai het.

Tydens die Ierse onluste van 1848 is nege jong manne gevang en voor die hof gesleep op aanklag van verraad teenoor die Britse koningin. Die regter het die name van die beskuldigdes vir vonnis gelees: John Mitchell, Morris Lyene, Patrick Donahue, Thomas McGee, Charles Duffy, Thomas Meagher, Richard O'Gorman, Terence McManus, Michael Ireland.

Voordat die vonnis gevel is, is geleentheid geskenk vir hulle om iets te sê. Thomas Meagher het namens die ander as volg gepraat: „Edelagbare, dit is ons eerste oortreding, maar nie die laaste nie. As u hierdie keer genadig met ons sal wees, belowe ons op ons woord van eer dat ons volgende keer beter sal doen."

Die verontwaardigde regter het hulle ter dood veroordeel. 'n Protesvlaag van oor die hele wêreld het koningin Victoria laat besluit om die vonnis te verander na lewenslange verbanning.

In 1874 is 'n Sir Charles Duffy tot eerste minister van Australië verkies. Die koningin het verneem dat dit dieselfde Charles Duffy is wat weens hoogverraad 26 jaar tevore verban is. Toe die rekords van die ander agt op haar versoek nageslaan word, is die volgende gevind:

Meagher was goewerneur van Montana; McManus en Danahue was generaals in die Amerikaanse leër; O'Gorman was goewerneur-generaal van Newfoundland; Morris Lyene was prokureur-generaal van Australië en is opgevolg deur Michael Ireland; McGee was voorsitter van die dominiale raad van Kanada, en Mitchell was 'n vooraanstaande politikus in New York.

TE KOOP

SWART-WATTEL. Geharde dropers, 5 vt. x 1 tot 2½ dm. dik op dun punt. f4 per 1.000 pale; 3 tot 7 dm. op dun punt, 6 vt. lank, 1/6 per paal. Alles V.O.S. Lothair Stasie. — J. T. Maritz, P.K. Lothair.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septelesse, pilare, vloertels, voertroë. Enigets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.

WYNE

5 GELLING Muskadel-ikeur f2-12-6; Anker f3-17-6. 5 Gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port f2-2-6; anker f3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muskadel f2; anker f2-13-8. 5 gelling Worcester Hook, Soet Sjerrie of Half-soet Muskadel f1-15-0; anker f2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gewelver Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?

Bring dit na ons en sien die resultaat !

ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.

ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG. Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre. Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap. **VINNIGE EN DEELIGE DIENS GEWAARBORG.**

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u **PLUIMVEE**, **EIERE** en ander **PRODUKTE** aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bepker
MOERMARK (Posbus 7185) NEWTON

W. V O I G T (Eiens.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.

Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

NOODHULPFONDS

Die volgende hydrae is deur die Noodhulpfonds ontvang gedurende die tydperke daarby genoem.

GEBIED „A".

Vanaf 25 Desember tot 25 Januarie 1945.

Kom. A: Vriend 5/-; A. J. J. van Zyl 6/-; 10a1 f6-3-0; 9a6 f2-10-0; 4a f23-17-0; Gebiedshoofkwartier 3/-; 12b1, 12b6 f6; Vriende, Worcester f3-10-0; Villiersdorp f2-2-0; Mev. Lubbe, Tiervlei 5/-; Mnr. D. J. Kotze, Parow 7/6; Remskoene, Kaapstad 8/-; Remskoene, Kaapstad 2/-; 1a3 f6-10-0; 1a4 f2; J. A. Hurter f3; Sers. H. Gerber, f3; Karoobossies, Kaapstad f1-18-0; Vriend, Kaapstad f5-5-0 8b6 f4; Vriend, Kaapstad 5/-; Vriendin, Worcester f2/6; Vriende, Langgebaan 17/6; Musikus, Kaapstad f2; Mev. C. J. van Niekerk, Moorreesburg f10; Mnr. F. C. Truter, Moorreesburg f5; A2b2 Spesiale Kollekte f2; A3a1, A3a6 f14-8-8. Totaal f107-0-2.

L.W. — Kws. 9158 en 9166 van f5 elk wat onder die vorige lys van erkennings verskyn het as hydrae van Generaalskap A.1. moet wees persoonlike bydraes van Generaal P. D. Rousseau van Kaapstad.

GEBIED „B".

Jan. 1945.

KOM. B: 3b1 en 3b6 f10; 3c1 f13-12-4; 5a1 en 5a8 f6-7-0; 4c7 f5; 6a2 en 6a7 f5-10-0; 7b6 5/-; 6c6 f1-1-4; 6c2 f1-17-6. Totaal f43-13-2.

GEBIED „C".

Vanaf 16 Desember 1944 tot 25 Januarie 1945.

Kom. C: 1a7 f10; 2b1 f1-13-6; 3b1 f15; 3b8 f6; 4c7 f3-2-4; 5d6 f2-8-6; 6a1 15/-; 6b6 f1-15-0; 7a3 en 7a8 f13-2-0; 8b6 f1-4-0; 8e2 f2-10-0; 8e7 f2-10-0; 9a f2-10-0; 9b1 f1; JC10a3 16/9; 10a3 f3; 10a8 f8-14-6; 11 f64-16-9; JC11 f3-10-7; Staf Hoofkwartier Gebied C, f4-1-5; Kersfees Noodhulpfonds C2b1 f10-14-0. Totaal f159-4-4.

GEBIED „D".

Bergville Boerefonds hydrae f10-4-9; Gerf. Gemeente, Durban f1. Totaal f11-4-9.

GEBIED „E".

26 Des. 1944 — 26 Jan. 1945.

Kom. E: E f1; 6b2 16/-; 2C2 f17-6-9; 6b8 f2-1-0; 1 f1-11-0; 8a3 f4-16-6; 5c8 f6-12-3; 8a2 f6-3-0; 3a 10/-; 3a 13-10; 8a7 f7-11-0; 6b1 f3; 3 10/-; 2b8 f1-13-6; 1b1 7-8-0; 4 f55; 7c6 f28; 3a1 f9-5-0; 3a6 f2-3-0; 3a8 f3-3-0 3b1 f1-17-6; 3c1 f3-12-0; 3c6 f4-15-6; 3c7 f5-10-0; 3c8 f2-9-0; 3c9 f3-3-6; 7a1 f26-10-5 7a6 f26-10-6; 6b7 f3-10-1; 3 f3; 10c8 f10-3-3; 3 f5; 2c1 f27-7-0 8a8 f1-10-0; 7c7 f6-19-7; 7c2 f6-19-7; 6c7 f4-5-0; 1c1 f3-8-6; 5a6 f7-0-6; 5 f88-9-3; E f2; 3 f1; 3a3 f1-19-0; 3c6 f2-14-6; 10a2 f5; 2b2 f3-17-6. Totaal f117-16-0.

GEBIED „F".

Januarie 1945.

Kom. F: 1b6 f11-19-6; 1a6 f43-11-0; 1a2 f2; 2b2 f3-5-6; 2b7 f5 14 3; 3c7 f1-4-0; 3c7 en 3c2 f8-3-6; 4a2 f1-4-9; 4b9 f2-15-3; 4c3 f13-0-6; 4c6 f39-15-3; 4c7 f2-7-9; 5a1 f6-6-1; 5a3 f6-9-0; 5a3 f2-9-0; 5a7 f10-19-3; 6b6 15/-; 6b1 15/-; Totaal f162-14-7.

BOEREJEUW GEBIED „A".

25 Desember 1944 — 25 Januarie 1945.

JA2b7 f2; JA9b1 10/-. Totaal f2-10-0.

BOEREJEUW GEBIED „B".

Januarie 1945.

JB3a2 f1.

BOEREJEUW GEBIED „F".

Januarie 1945.

JF6b6 f2; JF1b6 8/-; JF6a7 8/6; JF4b6 2/-; JF5 f27-14-10; JF6b6 15/-; JF2 f2. Totaal f83-8-4.

Ondersteun ons Blad deur ons Adverteerders te steun.